## 23. GRENDELTYD WHATSAPP KINDERKERK LES:

## Die Farao van Egipte het twee drome – Genesis 41:1-44

Twee jaar later het die Farao een nag 'n droom gehad. Hy het gedroom hy staan langs die Nylrivier. Sewe vet koeie het uit die rivier gekom en langs die rivier gewei. Toe kom daar sewe verskriklike maer koeie uit die rivier en vreet die sewe vet koeie op! Die Farao het wakker geskrik, maar gou weer aan die slaap geraak. Toe droom hy 'n tweede keer. Hy staan langs 'n koringland. Aan een stingel is sewe pragtige are vet van al die saad. Toe groei daar 'n ander stingel uit met sewe maer are sonder saad. Die sewe maer are sluk toe die sewe vet are in. Daarna het die Farao wakker geword.

Die Farao was baie ontsteld oor sy droom. Die oggend vroeg het hy al sy raadgewers laat roep en vir hulle vertel wat hy gedroom het. Maar niemand het geweet wat die drome beteken nie. Toe onthou die voorman van die skinkers skielik wat in die tronk gebeur het! Hy sê vir die Farao: "Onthou u nog toe u destyds vir my kwaad was? U het my mos in die tronk gesmyt. Saam met my in die tronk was 'n Hebreeuse jong man. Hy is die slaaf van Potifar, een van u generaals. Een nag het ek 'n droom gehad. Hy het my vertel wat die droom beteken en alles het gebeur presies soos hy gesê het. Miskien kan hy u help."

Toe laat Farao Josef roep. Hulle het sy baard afgeskeer en vir hom skoon klere aangetrek. Hy is toe na die Farao toe. Die Farao sê vir Josef: "Ek het 'n droom gehad maar niemand weet wat dit beteken nie. Ek hoor jy weet wat drome beteken." Josef het geantwoord:" Farao, ek weet nie wat drome beteken nie. Maar die God wat ek aanbid, kan vir u sê wat die drome beteken.

Die Farao vertel toe vir Josef die twee drome. Hy sê ook: "Nie een van my raadgewers weet wat die drome beteken nie." Toe sê Josef: "Farao, altwee die drome beteken presies dieselfde ding. Dit is God wat u wil vertel wat gaan gebeur. Die sewe vet koeie en die sewe vet koringare beteken daar kom sewe jare waarin dit goed gaan reën. Die oeste gaan groot wees en dit sal goed gaan met almal in Egipte. Maar die sewe maer koeie en die sewe maer koringare beteken dat daar dan sewe jare kom waarin dit glad nie gaan reën nie. Die mense gaan doodgaan van die honger. Dit sal baie sleg gaan met almal in Egipte. Dit is wat God deur die drome vir u wil sê. U het twee drome gehad sodat u presies weet wat God van plan is om te doen."

Josef het toe vir die Farao gesê: "Farao, ek het nou vir u goeie raad. Laat Farao dan nou uitkyk vir 'n verstandinge en wyse man en hom aanstel oor Egipteland. Farao moet so maak en opsigters oor die land aanstel en in die sewe jare wat dit goed gaan dwarsdeur Egipte koring bymekaar maak en in skure bêre in elke stad. Dan sal die mense nie in die sewe slegte jare sonder kos wees nie.

Die Farao het vir sy raadgewers gesê: "Ek weet net van een man wat slim genoeg is om hierdie plan te laat werk!" Hy het vir Josef gesê: "Josef, jou God het vir jou gesê wat my drome beteken. Jy was die enigste een wat die drome kon verklaar. Ek weet jy is 'n baie slim man. Daarom stel ek jou aan as onderkoning van Egipte. Almal moet na jou luister. Jy moet dadelik aan die werk spring om jou plan te laat werk." Toe trek Farao sy seëlring van sy vinger af en sit dit aan die hand van Josef en trek vir hom pragtige klere aan en sit 'n goue ketting om sy nek. Hy laat Josef op sy eie perdekar ry deur die strate. En hy beveel al die mense van Egipte om na Josef te luister. Hy het ook vir Josef gesê: "Jy hoef na niemand in Egipte te luister nie, net na my. As jy praat, moet almal in Egipte doen wat jy gesê het."

# 23. GRENDELTYD WHATSAPP KINDERKERK LES:

## Die Farao van Egipte het twee drome – Genesis 41:1-44

**Inleidende aktiwiteit: Drome:** Vertel vir mekaar die "weirdste" drome wat julle al ooit gehad het.

**Vra:**

- Dink julle God het al met julle deur 'n droom gepraat?

Ons het in die vorige storie gehoor van twee baie interessante drome. Hierdie storie het ook drome in en hoe God vir Josef gebruik het op 'n baie opwindende manier om Egipte se mense te help.

**Vrae:**

1. Het die voorman van die skinkers onthou van Josef toe hy uit die tronk gehaal is? (Nee)
2. Wat is 'n Farao? (Die koning van Egipte)
3. Wat was die Farao se drome? (Sewe maer koeie wat sewe vet koeie eet; sewe maer are sluk sewe vet are in.)
4. Het Farao se raadgewers geweet wat die drome beteken? (Nee)
5. Hoeveel jare sou dit goed gaan en vir hoeveel jare sou dit baie sleg gaan en min kos wees? (7 jare goed, 7 jare min kos.)
6. Watter raad het Josef vir die Farao gegee? (Om iemand te kies wat koring in skure dwarsoor Egipte bymekaar maak vir die slegte jare wat kom.)
7. Hoekom het die Farao vir Josef aangestel? (Josef was die enigste een wat vir die Farao kon vertel wat die drome beteken. Farao het gesien dat God by Josef is en dat Josef 'n baie slim man is.)

**Aktiwiteit:** Hoe dink julle het Josef gevoel terwyl hy in die tronk was? Dink julle hy het God vertrou al was dit 'n slegte tyd in sy lewe? Ons gaan ook soms deur moeilike tye. Wat was 'n moeilike tyd in jou lewe? Skryf neer die maniere hoe God jou gehelp het en by jou was tydens daardie moeilike tyd.

**Gebedsgids:** Sê dankie vir God dat Hy met jou is deur moeilike tye.